# 'N VERGELYKENDE STUDIE VAN DIE VOEDINGSGEWOONTES VAN SEKERE VARSWATERVISSE IN BARBERSPAN, WES-TRANSVAAL

*DEUR*

**JOHANNES M. N. ENSLIN**

(INSTITUUT VIR DIERKUNDIGE NAVORSING,
DEPARTEMENT DIERKUNDE,
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O., POTCHEFSTROOM)

**VERHANDELING**

VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE NAKOMING VAN DIE VEREISTES VIR DIE
GRAAD MAGISTER SCIENTAE
AAN DIE
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

**LEIER: DR. H. J. SCHOONBEE**

FEBRUARIE 1966

# ŉ VERGELYKENDE STUDIE VAN DIE VOEDINGSGEWOONTES VAN SEKERE VARSWATERVISSE IN BARBERSPAN, WES-TRANSVAAL.

deur

Johannes M. N. Enslin.

(Instituut vir Dierkundige Navorsing, Departement Dierkunde, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Potchefstroom)

INHOUDSOPGAWE

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING | 1 |
| 2. | METODES EN TEGNIEKE | 3 |
| 3. | FISIOGRAFIE VAN BARBERSPAN EN OMGEWING EN DIE TOESTANDE BY DIE PAN TYDENS DIE ONDERSOEK | 10 |
| 4. | DIE VOEDINGSGEWOONTES VAN CYPRINUS CARPIO, BARBUS HOLUBI, CLARIAS GARIEPINUS, LABEO UMBRATUS EN LABEO CAPENSIS | 13 |
| 4.1 | Voedingsgewoontes tydens die herfsperiode | 13 |
| 4.2 | Voedingsgewoontes tydens die winterperiode | 18 |
| 4.3 | Voedingsgewoontes tydens die lenteperiode | 21 |
| 4.4 | Voedingsgewoontes tydens die somerperiode | 24 |
| 4.5 | Voeding in die littoraalgebied | 27 |
| 4.6 | Organismetellings van vismaaginhoude wat tydens die lente en somer versamel is | 28 |
| 5. | DAAGLIKSE MIGRASIE- EN VOEDINGSGEDRAGSPATRONE VAN L. UMBRATUS EN L. CAPENSIS | 30 |
| 6. | BESPREKING EN GEVOLGTREKKINGS | 35 |
| 7. | OPSOMMING | 39 |
| 8. | DANKBETUIGINGS | 39 |
| 9. | LITERATUURVERWYSINGS | 41 |

# INLEIDING.

In Suid-Afrika is daar nog weinig intensiewe navorsing i.v.m. die voedingsgewoontes van varswatervisse gedoen. Hierdie bewering geld veral vir die gelyktydige ondersoek na voedselvoorkeure van, en kompetisie om voedsel tussen verskillende vissoorte in 'n bepaalde watermassa, tesame met die moontlike wisseling van bogenoemde faktore met die verandering van seisoene. Waar daar egter wel soortgelyke navorsing in Suid-Afrika verrig is (Groenewald, 1964; Straub, persoonlike mededeling; Göldner, persoonlike mededeling), was die aandag byna uitsluitlik toegespits op enkele vissoorte, terwyl die tye van ondersoek en die duur daarvan blykbaar na willekeur gekies is.

Hoewel daar in oorsese lande al heelwat ondersoeke i.v.m. die voedingsgewoontes van visse uitgevoer is (Surbur, 1930; Allen, 1935, 1938, 1941; Radforth, 1940; Frost, 1946; Hartley, 1948; Leonard, 1949; Hynes, 1950; Baldwin, 1956; Fryer, 1959, Minckley en Deacon, 1959; Roos, 1959; Tharratt, 1959; Richardson en Hyer, 1959), is dit nogtans moeilik om hierdie bevindings direk met bogenoemde ondersoeke te vergelyk, want die visspesies wat bestudeer word eerstens is nie dieselfde nie, terwyl die staande watermassas in Suid-Afrika gemiddeld baie vlakker is as diè in die buiteland (Allen, 1938; Berg, 1938; Kutkuhn, 1957; Frost, 1964; Gordon, 1961). Verder is die soorte, en selfs die digthede van organismes, wat as voedselbronne vir visse dien, soos planktonorganismes, bentos en perifiton, oor die algemeen verskillend vergeleke met diè in ander lande. (Hsiao, 1949; Johnson, 1952; Digby, 1953; Cushing, 1955; Berg en Petersen, 1956; Herbst, 1961; Jònasson, 1961; Nauwerk, 1963; Thorup, 1963).

Die huidige studie is beperk tot seisoensondersoeke van die voedingsgewoontes van die vissoorte <u>Cyprinus carpio</u> (Linnaeus, 1758), <u>Barbus holubi</u> (Steindachner, 1894), <u>Clarias gariepinus</u>, (Burchell, 1922), <u>Labeo umbratus</u> (Smith, 1841) en <u>Labeo capensis</u> (Smith, 1841). Hierdie ondersoeke het

saamgeval met ander projekte wat betrekking het op die fisies-chemiese toestande, die plankton (Combrinck, ongepubliseerde verhandeling), die bentiese organismes (Roode, ongepubliseerde data), visbevolkings (Göldner, ongepubliseerde data) en varswaterbakterieë (van Aarde, ongepubliseerde data) van Barberspan, Wes-Transvaal.

Behalwe vir die bogenoemde seisoensondersoeke wat deur die outeur uitgevoer is, is daar kwartaalliks vier-en-twintig-uurlikse ondersoeke onderneem om die daaglikse voedingsgedragspatrone van sekere van hierdie vissoorte vas te stel. Daar is van die veronderstelling uitgegaan, dat sodra voedsel in die vismae beland, dit onmiddellik aan verteringsappe blootgestel word (Lagler, 1952, 1962). Die mate van herkenbaarheid van die voedselbestanddele hang dus af van die tyd wat dit in die spysverteringskanaal van die vis deurgebring het. As 'n voedselbestanddeel dus aan verteringsappe blootgestel word vanaf die tyd wanneer dit ingesluk word, kan die hoofvoedingstye van 'n bepaalde vis vasgestel word deur slegs te bepaal op watter tye van die dag of die nag die meeste herkenbare materiaal in die vismae teenwoordig was (Darnell en Meierotto, 1962). Ook hierdie aspek van die outeur se navorsing het saamgeval met intensiewe ondersoeke deur ander navorsers, soos bv. die daaglikse vertikale plankton- en suurstofstratifikasiepatrone van die pan (Combrinck, ongepubliseerde verhandeling).

Aangesien al die bogenoemde projekte onlosmaakbaar van mekaar en van die outeur se ondersoek is, word daar in die bespreking van die resultate ook vryelik verwys na die van sy medenavorsers.

## 2. METODES EN TEGNIEKE.

### 2.1 Voorlopige ondersoek

As ŉ voorbereiding tot ŉ studie van die voedingsgewoontes van die vissoorte onder bespreking, is ŉ voorlopige visopname by Barberspan gemaak waartydens altesaam 123 maaginhoude van die verskillende vissoorte versamel en ontleed is. Op grond van hierdie ondersoek is daar besluit om die visspesies elk in vyf afsonderlike lengtegroepe nl. 0-120mm., 121-200mm., 201-300mm., 301-400. en 401mm. en groter, te verdeel vir die doel van die voorgenome studie. Deur die visse op hierdie wyse in te deel, kon die voedingsgewoontes van ooreenkomstige lengtegroepe van die verskillende vissoorte maklik met mekaar vergelyk word. Die vernaamste rede waarom die visse nie in ouderdomsgroepe ingedeel is nie, maar wel in lengtegroepe, is dat ouderdomsbepalingsmetodes en verhoudings tussen lengte en gewig vir bogenoemde visspesies nog nie behoorlik gestandaardiseer is nie (le Roux, 1964; Göldner, persoonlike mededeling; Straub, persoonlike mededeling-.

### 2.2 Bepaling van Versamelpunte (Fig. 1)

Tydens die bepaling van versamelpunte is verskillende bodemtipes, waterdieptes, inlope van die pan, ens. deeglik bestudeer. Hierna is daar, in oorleg met die medenavorsers, altesaam elk oewerversamelpunte nl. 1B-11 om die pan, een in die Klein Hartzrivier (1A) en twee lokaliteite, B1 en B2, binne die pan, vir die 24-uurlikse ondersoeke vasgestel. Versamelpunte 2, 3, 7 en 8 is so gekies omdat daar by hierdie lokaliteit gewoonlik groot hoeveelhede watervoëls teenwoordig was. Versamelpunte 2, 3 en 8 word ook gekenmerk deur die teenwoordigheid van groot los klippe wat uit die water steek en wat as sitplek vir die watervoëls dien. By hierdie lokaliteite kon die ekskreta van die voëls op ŉ indirekte wyse die voedingsgewoontes van die visse beïnvloed deur organiese verryking van die water met die gevolglike vermeerdering van




Fig. 1 Kaart van Barberspan.

bentiese en ander organismes. Versamelpunt 4 is gekies omdat daar 'n sagte, modderige bodem voorgekom het en versamelpunte 5, 6, 9, 10 en 11, omdat hulle gekenmerk is deur gruis- en fyn sandbodems. Die lokaliteite 1A en 1B is gekies om die invloed van inlopende rivierwater vanuit die klein Hartzrivier op die fisies-chemiese en biologiese toestande van die pan, en derhalwe ook op die voedingsgewoontes van die genoemde 5 visspesies te probeer vasstel.

2.3 Visversamelmetodes

In oorsese lande is daar tydens visekologiese opnames dikwels van nette gebruik gemaak met maasgroottes wat gewissel het volgens die tipe ondersoek en die werksomstandighede (Allen, 1941; Fryer, 1959; Roos, 1959; Tharratt, 1959). 'n Instrument wat ook dikwels in die versameling van visse gebruik word, is 'n elektriese skokapparaat waarmee visse gedood (Richardson en Hyer, 1959), of verlam word (Dubets, 1954; Moore, 1954).

Na oorlegpleging met die visnavorsingspersoneel van die Departement Natuurbewaring van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, is daar besluit op die gebruik van treknette vir oewerversameling by lokaliteite 1B-11 (fig.1), en op 100x4x0.1 meter spannette, vir ononderbroke twee-uurlikse versamelings oor tydperke van 24 uur, by lokaliteite B1 en B2 (fig.1) tydens elk van die verskillende seisoene. Eersgenoemde nettipe is reeds met vorige geleenthede (Groenewald, ongepubliseerde verslag; Göldner, persoonlike mededeling) in visbevolkingsopnames by Barberspan gebruik. In teenstelling met die treknette, wat selfs visse van enkele millimeter kan insluit, is die spannette baie selektief met betrekking tot die grootte en selfs die tipe vis wat daarin verstrengel raak. Daar is, soos dit uit die resultate sal blyk, met enkele uitsonderings waartydens klein getalle van <u>B. holubi</u> versamel is, uitsluitlik 300mm. en groter visse van <u>L. umbratus</u> en <u>L. capensis</u> gevang.

Na elke treknetvangs is daar, op grond van die relatiewe hoeveelheid van die verskillende vissoorte, verteenwoordigende monsters van elk van die vyf voorafbepaalde lengtegroepe versamel. Die orige visse is dan of teruggeplaas in die water, of soos in die geval van L. umbratus en L. capensis, wat in baie groot getalle in die pan voorkom (Göldner, persoonlike mededeling), gebruik vir bykomstige lengte-, geslag- en gewigsbepalings. Aangesien die barber, Clarias gariepinus, baie sporadies in die versamelings voorgekom het, is daar in enkele gevalle waar daar wel groot hoeveelhede gevang is, alle individue versamel vir analise.

Enkele struikelblokke tydens die treknetvangste in Barberspan was ondermeer die ophoping in die nette van groot hoeveelhede dooie waterplante, wat hoofsaaklik bestaan het uit die reste van Potamogeton pinctatus en Chara sp. Los klippe, wat veral by versamelpunte 2, 3, 4, 8 en 9 voorgekom het, het dikwels in die nette verstrik geraak en die vangste bemoeilik. In die gevalle waar nette aan rotspunte vashaak en van die bodem gelig moes word, was dit moeilik om vas te stel of daar van sekere vissoorte soos Clarias, wat die neiging toon om in die modder tydens gevaar in te grawe (Straub, persoonlike mededeling), en die twee Labeo spesies, wat dikwels op of naby die bodem voed, ontsnap het.

Tydens die 24-uurlikse studies, is die spannette by lokaliteite B1 en B2 (fig.1) met tusserposes van 2 uur nagegaan, en die gevange vis daaruit verwyder. 'n Tydsduur van 2 uur is gevind om voldoende te wees vir die deeglike verwerking en preservering van materiaal van elke afsonderlike vangs.

2.4 Verwerking en preservering van vismaaginhoude by die pan.

'n Belangrike faktor wat in ag geneem moes word gedurende die ondersoek van vismateriaal, is die bewaring van die vismonsters tussen die periodes van versameling en verwerking. Daar is gevind dat indien vis gedurende hierdie tydperk in

die water in maassakke gelaat word, hulle van die voedsel wat in die mae is uitspuug (Göldner, persoonlike mededeling), blykbaar as gevolg van 'n reaksie teen die opeenhoping van visse in 'n beperkte ruimte. Indien die visse weer op land gelaat word, word die voedsel nie uitgespuug nie, maar tree gewigsverlies a.g.v. uitdroging weer in. Tydens die warm someropnames is daar gevind dat die hitte 'n snelle ontbinding van o.a. die maagvoering veroorsaak. Met die uitstroping van die voedsel, word die maagvoering dan ook verwyder en kan dit maklik met onidentifiseerbare voedselmateriaal verwar word. Weens die groot aantalle vis wat soms versamel is, was dit dikwels onmoontlik om die maaggedeeltes van alle vis te verwyder voordat uitdroging van die visliggame reeds begin intree het. Aangesien dit vir die outeur van belang was om te voorkom dat visse van hul voedsel uitspuug nadat hul gevang is, is die vismateriaal direk na 'n versameling op land gebring en so gou moontlik verwerk.

Om die maaggedeeltes van elke vis te verwyder, is daar by Labeo umbratus, Labeo capensis, Barbus holubi en Cyprinus carpio 'n koudo-frontale snee gemaak wat strek vanaf die posisie van die anus, bokant die pelviese vin verby en weer ventraalwaarts tot teenaan die voorpunt van die onderkaak (fig.2

In die geval van Clarias gariepinus waar die pelviese gordel sag is is daar weer 'n snee koudo-frontaalwaarts, al langs die medio-ventrale lyn van die vis gemaak. (fig.3).

Hierna is die mae versigtig verwyder. Voorsorg is getref dat die maaginhoude, wat gewoonlik half vloeibaar is, nie gedeeltelik met verwydering uit die vis verlore gaan nie. (Vegl. Leaburg, 1957). Die versamelde materiaal is hierna in klein monsterflessies uitgestroop en gepreserveer in 'n mengsel van heksamiengeneutraliseerde formalien en 70% gliserien alkohol. Aangesien aanvanklik vermoed is dat daar na uitstroping nog voedsel in die mae oorbly, is twee alternatiewe metodes van maaginhoudverwydering uitgevoer. In die

Fig. 2 Ventrale aansig van _Barbus holubi_ om die koudo-frontale snee wat gemaak is vir die verwydering van die maaggedeeltes aan te toon.

Fig. 3 Ventrale aansig van _Clarias gariepinus_ om die koudo-frontale snee wat gemaak is vir die verwydering van die maaggedeeltes aan te toon.

een metode is die uitstroping met die vingers in een rigting uitgevoer en die leë mae ook gepreserveer vir latere ondersoek, terwyl in die tweede metode, uitstroping in twee rigtings uitgevoer is, en die mae, soos in bg. geval, ook gepreserveer is vir latere analise. Noukeurige volumetriese bepalings van die uitgestroopte voedsel, wat in die gepreserveerde mae gevind is, dui daarop dat lg. metode die mees betroubare is vir alle visse, behalwe vir Clarias gariepinus, waar hierdie metode a.g.v. die vorm van die maag nie so geslaagd is nie. In die geval van Clarias is 'n gat in die wand van die maag gemaak en die voedsel van beide kante daardeur gepers. (fig. 4).




Fig. 4 Diagrammatiese voorstelling van die snee wat in die maagwand van Clarias gariepinus gemaak is vir die verwydering van die voedsel daaruit. Die swart pyltjies dui die rigting aan waarin die voedsel uit die maag gepers word.

## 2.5 Laboratoriumanalise van die vismaaginhoude

Behalwe vir enkele outeurs wat slegs saaklik na sekere laboratoriumondersoekmetodes van vismaaginhoude verwys (Allen, 1938, 1939; Bajkov, 1935; Robertson, 1947; Hynes, 1950; Dubets, 1954; Baldwin, 1956; Darnell en Meierotto, 1962), is daar nie veel aandag aan breedvoerige beskrywing van die

aanvanklike volumetriese- en ander bepalings van visvoedsel geskenk nie.

2.5.1 Volumetriese bepalings

Göldner (1964, ongepubliseerde rapport), maak gebruik van 'n verplasingsmetode deur die volume van die voedselmateriaal en preserveermiddel eers gesamentlik met behulp van 'n maatsilinder vas te stel en dan die vaste stowwe van die vloeistof te skei deur die monster deur 'n fyn sif te gooi. Hoewel hierdie metode betroubare resultate lewer, is dit nie baie prakties in gevalle waar etlike honderde bepalings na elke versameling gemaak moet word nie. Die outeur het gebruik gemaak van 'n alternatiewe metode waartydens die vaste stowwe eers toegelaat word om in die monsterflesse waarin die materiaal gepreserveer word af te sak. Die boweliggende gedeelte van elke fles, wat betreklik vry van vaste stowwe is, word dan afgefiltreer, waarna die presipitaat, tesame met die res van die agtergeblewe materiaal in die flessies oorgebring word na gekalbreerde 10ml. sentrifugeerbuise. In die gevalle waar baie plantmateriaal voorkom, is dit eers fyner verdeel voordat dit in die sentrifugeerbuisies oorgebring is. Op hierdie wyse is daar voorkom dat vloeistofgevulde ruimtes aan die basis van die sentrifugeerbuise tydens die sentrifugeerproses oorbly. Elke monster is na bg. behandeling, vir 5 minute teen 'n konstante omwentelingspoed van 2,500 o.p.m. in 'n Gallenkamp-uitswaaier gesentrifugeer, waarna die volume van die vaste stowwe op elke buis afgelees word. Aangesien die sentrifugeerbuis met sy inhoud tydens tolling 'n skuins posisie aanneem (fig.5, F), neem die vaste stowwe nie 'n loodregte posisie t.o.v. die lengteas van die proefbuis in nie (fig.5, D). Daar vind ook, weens die posisie wat die sentrifugeerbuis tydens tolling aanneem, 'n aggregasie van swaarder materiaal aan die buiterand daarvan plaas. Om hiervoor te probeer kompenseer, is daar besluit om die lesings deurgaans op 'n vlak C te neem vir alle monsters. (fig.5)




Fig. 5 Die posisie van die sentrifugeerbuis tydens tolling in die uitswaaier.

2.5.2 Mikroskopiese analise van die vismaaginhoude

Die analise van die monsters en die persentasiebepalings van die verskillende voedselbestanddele is m.b.v. 'n stereo-mikroskoop uitgevoer. Monsters, of gedeeltes daarvan, is in klein vierkantige 3 x 3 duim perspeksbakkies ondersoek. Organismetellings is m.b.v. 'n spesiaalontwerpte roteerbare telbakkie uitgevoer. (fig.6). Vir die identifisering van die verskillende organismes is daar hoofsaaklik gebruik gemaak van Kieffer, 1956, 1960; Sars, 1916, 1924, 1927; Fritsch, 1948; Pennack, 1953; Usinger, 1956; Petersen, 1957; Ward en Whipple, 1959 en Cholnoky, 1962.

Fig. 6A Die roteerbare perspekstelbakkie gemonteer op die mikroskoopplatvorm.




Fig. 6B Diagrammatiese voorstelling van 'n dwarsdeursnee deur die telbakkie.

## 3. DIE FISIOGRAFIE VAN BARBERSPAN EN OMGEWING EN DIE TOESTANDE BY DIE PAN TYDENS DIE ONDERSOEK.

Barberspan is sowat 50 myl suid-oos van Lichtenburg geleë. Die breedtegraad 26° 35' suid, en die lengtegraad 25° 35' oos, kruis mekaar feitlik in die middel van die pan. (fig.1). Die gebied waar die pan voorkom is tussen 4,400 vt. en 4,481 vt. bo seespieël geleë en vorm deel van die Suid-Westelike Transvaalse Hoëveld. Fisiografies is dit baie eentonig en oorwegend 'n uitgestrekte golwende vlakte, afgewissel deur bulte en laagtes, wat in hoogte maar min van mekaar en van die vlakte verskil (von Backström, 1963).

Die grootste gedeelte van Wes-Transvaal word deur die ongeveer 2,100,000,000 jaar oue amandelsteenlawa van die Ventersdorp stelsel onderlê (Nicolaysen, 1962). Die onverweerde andesitiese amandelhoudendelawa is gewoonlik blougroen of grysgroen van kleur, maar verweer rooibruin aan die oppervlakte. Die amandelstene verteenwoordig blaas- en stroomgate, wat gedurende die uitvloeiing en afkoeling van die lawa ontstaan het en later opgevul is met verskillende minerale soos kleurlose kwarts, wit, rooi of blou kalsidoon, agaat, rooi jaspis, kalsiet, ens. Na die uitvloeiing van die Ventersdorplawa het oppervlakkalksteen, wat rondom Barberspan voorkom, begin vorm. Hierdie oppervlakkalksteen wissel van tipes met 'n hoë suiwerheid, tot tipes wat as kalkkreet beskryf kan word en wat veral aan die noord-westekant van die pan goed verteenwoordig is.

Barberspan ontvang sy water hoofsaaklik uit die Klein Hartzrivier wat tydens die hele ondersoek net vanaf 29 November tot 4 Desember 1965 gevloei het. Die pan het geen natuurlike uitlope nie en afgesien van die lae verbruik wat ruim op tweehonders morgvoet per jaar gestel is (von Backström, 1963), moet die totale verlies van water aan verdamping toegeskryf word.

Die herfsopname het vanaf 20 tot 23 April 1965 plaasgevind (tabel 1). Spannetvangste by die onderskeie oewerversamelpunte is op 21 en 22 April uitgevoer, terwyl die 24-uurlikse opname reeds om 8.00 vm. op 30 April 'n aanvang geneem het. Soos later vermeld sal word, was die spannette besonder selektief vir die twee Labeospesies wat byna uitsluitlik daarin voorgekom het. Gedurende die 21ste en 22ste April was die lug bewolk. Op 23 April het daar egter 'n matige tot sterk wind gewaai wat groot golwe op die pan veroorsaak het. A.g.v. hiervan is heelwat verrottende plantmateriaal van die bodem af in die treknet gewas sodat die versamelings bemoeilik is en het die vangste baie langer geneem as op die eerste twee dae van die opname (tabel 1).

Versamelings tydens die winterperiode het op die 6de Julie om 2.20 nm. by versamelpunt ses begin (tabel 2). Op dieselfde dag is die treknetversameling by versamelpunt 8 ook afgehandel. Versamelings by lokaliteite 1, 2, 5, 9, 10 en 11 is op die 7de Julie, en 3 en 4 op die 8ste Julie gemaak. Die 24-uurlikse opnames, waartydens 'n Wohlenberg en Schewederwatermonsternemer vir die chemiese en planktoniese opnames van die water gebruik is, het om 8.00 nm. op die 7de Julie, 'n aanvang geneem en om 6.00 nm. op die 8ste Julie, ten einde geloop. Tydens die hele opname was dit mooiweer.

Die lenteopnamehet op die 13de Oktober om 8.00 vm. begin. Vangste by lokaliteite 5, 6 en 8 is op die 14de Oktober en by 1, 2, 3, 4, 9, 10 en 11 op die 15de Oktober voltooi. Gedurende die 13de en 14de Oktober was die lug effens bewolk, maar op die 15de Oktober was dit meer betrokke en het die winde periodies noordwes en noord tot noordoos gewaai. (tabel 3).

Die laaste van die vier visopnames in die reeks, nl. die van die somerseisoen, het gedurende die begin van Desember 1965 plaasgevind. Die 24-uurlikse opnames is op

die 5de en 6de Desember uitgevoer terwyl vangste by die verskillende oewerversamelpunte op die 6de en 7de Desember plaasgevind het (tabel 4). Lg. was die enigste opname waartydens die water van die klein Hartzrivier in die pan ingevloei het. Spesiale spannetversamelings is by die monding van die rivier na afloop van die 24-uurlikse ondersoeke gemaak met die doel om die moontlike invloed van inlopende rivierwater op die voedingspatrone van die visse in die pan te probeer vasstel.

TABEL :

TREKNETVERSAMELINGS TYDENS DIE HERFSOPNAME : APRIL 1965.

| ATUM | VERSAMELTYE | VERSAMELPUNTE | DIEPTE | TIPE NET GEBRUIK | ALGEMENE OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.65 | 11.15 - 11.30 vm. | 5 | 2.0 Meter | 61 x 3.7 x 0.01 meter. | Mooi weer, effens bewolk, geen wind. |
| 4.65 | 8.30 - 9.20 vm. | 6 | 2.5 Meter | | |
| | 9.50 - 10.15 vm. | 8 | 2.0 Meter | | |
| | 11.15 - 11.50 vm. | 9 | 2.5 Meter | | |
| | 1.20 - 1.50 nm. | 10 | 2.5 Meter | | |
| | 4.00 - 4.20 nm. | 11 | 3.2 Meter | | |
| .4.65 | 8.50 - 9.30 vm. | 1 | 2.5 Meter | | Matige tot sterk westewind bemoeilik vangste. |
| | 11.30vm.-12.00 nm. | 2 | 1.5 Meter | | |
| | 12.15 - 12.50 nm. | 3 | 0.8 Meter | | |
| | 1.00 - 1.50 nm. | 4 | 2.5 Meter | | |
| | 2.00 - 2.30 nm. | 7 | 0.5 Meter | | |

TABEL :

TREKNETVANGSTE TYDENS DIE WINTEROPNAME : JULIE 1965.

| DATUM | VERSAMELTYE | VERSAMELPUNTE | DIEPTE | TIPE NET GEBRUIK | ALGEMENE OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|---|
| .7.65 | 2.20 - 2.32 nm. | 6 | 2.0 Meter | 61 x 3.7 x 0.01 meter. | Deur die hele opname goeie onbewolkte kalm weer. |
| | 3.00 - 3.15 nm. | 8 | 1.8 Meter | | |
| .7.65 | 9.00 - 9.10 vm. | 5 | 1.5 Meter | | |
| | 9.55 - 10.05 vm. | 9 | 2.5 Meter | | |
| | 10.50 - 11.05 vm. | 10 | 2.0 Meter | | |
| | 11.25 - 11.35 vm. | 11 | 1.5 Meter | | |
| | 12.40 - 12.50 nm. | 1 | 2.0 Meter | | |
| | 1.20 - 1.30 nm. | 2 | 1.5 Meter | | |
| 7.65 | 2.55 - 3.10 nm. | 4 | 2.0 Meter | | |
| | 3.50 - 4.00 nm. | 3 | 1.2 Meter | | |

TABEL :

TREKNETVANGSTE TYDENS DIE LENTEOPNAME : OKTOBER 1965.

| UM | VERSAMELTYE | VERSAMELPUNTE | DIEPTE | TIPE NET GEBRUIK | ALGEMENE OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|---|
| 10.65 | 11.15 - 11.25 vm. | 6 | 2.0 Meter | 61 x 3.7 x 0.01 meter. | Oor die algemeen was die weer gunstig, net effens bewolk. |
| | 3.10 - 3.20 nm. | 5 | 1.5 Meter | | Periodiese NW-, N- na NO-wind wat vangste bemoeilik het. |
| | 3.50 - 4.00 nm. | 8 | 1.8 Meter | | |
| 10.65 | 8.20 - 8.30 vm. | 4 | 2.0 Meter | | |
| | 9.10 - 9.35 .m. | 3 | 1.2 Meter | | |
| | 10.00 - 10.10 vm. | 2 | 1.5 Meter | | |
| | 12.30 - 12.40 nm. | 1 | 2.0 Meter | | |
| | 1.45 - 2.20 nm. | 11 | 1.5 Meter | | |
| | 2.30 - 3.45 nm. | 10 | 2.0 Meter | | |
| | 4.00 - 4.45 nm. | 9 | 2.5 Meter | | |

TABEL :

TREKNETVANGSTE TYDENS DIE SOMEROPNAME : DESEMBER 1965.

| TUM | VERSAMELTYE | VERSAMELPUNTE | DIEPTE | TIPE NET GEBRUIK | ALGEMENE OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|---|
| .2.65 | 2.20 - 2.30 nm. | 6 | 2.0 Meter | 61 x 3.7 x 0.01 meter. | Wind Wes tot Noordwes sterk tot baie sterk. |
| | 3.00 - 3.15 nm. | 8 | 1.5 Meter | | Stil in die aand. |
| .2.65 | 8.00 - 8.15 vm. | 9 | 2.5 Meter | | Baie gunstige weer onbewolk en geen wind. |
| | 8.40 - 8.55 vm. | 10 | 2.0 Meter | | |
| | 9.15 - 9.25 vm. | 11 | 2.0 Meter | | |
| | 7.10 - 7.20 vm. | 5 | 2.0 Meter | | |
| | 10.00 - 10.15 vm. | 1 | 2.0 Meter | | |
| | 11.15 - 11.25 vm. | 2 | 1.5 Meter | | |
| | 12.00 - 12.15 nm. | 3 | 2.0 Meter | | |
| | 1.35 - 1.45 nm. | 4 | 2.5 Meter | | |

## 4. DIE VOEDINGSGEWOONTES VAN CYPRINUS CARPIO, BARBUS HOLUBI, CLARIAS GARIEPINUS, LABEO CAPENSIS EN LABEO UMBRATUS GEDURENDE DIE VERSKILLENDE SEISOENE VAN DIE JAAR.

Aangesien die digthede en die samestelling van organismes, wat as voedsel vir bogenoemde visscorte dien, wissel met seisoene (Comrinck, ongepubliseerde verhandeling; Roode, ongepubliseerde data), is dit belangrik, om in die vergelyking van die voedingsgewoontes van hierdie visse, die resultate van elke seisoensversameling afsonderlik te oorweeg.

### 4.1 Voedingsgewoontes tydens die herfsperiode

Uit tabel 5 is dit duidelik dat *Labeo umbratus* en *Labeo capensis* gemiddeld opvallend minder herkenbare materiaal in hulle mae gehad het as *Barbus holubi* (43%), *Clarias gariepinus* (53%), en Cyprinus carpio (56%). Die meeste lengtegroepe van *C. carpio* en *B. holubi* voed op 'n groter verskeidenheid van organismes as enige van die ander vissoorte onder bespreking. In teenstelling hiermee, vertoon die barber, *C. gariepinus*, 'n baie eng en gespesialiseerde voedingspatroon.

#### 4.1.1 Soöplankton

Alhoewel die Cladocera en Copepoda deurgaans verteenwoordig was in die dieet van die vyf visspesies, was daar met die uitsondering van enkele voorbeelde van *C. gariepinus*, wat naas vismateriaal groot hoeveelhede van *Daphnia barbata* bevat het, geeneen van die visse wat spesifiek op 'n besondere groep of soort van die planktoniese organismes gevoed het nie. By *C. carpio* en *B holubi* is die meeste plankton deur die kleinere lengtegroepe as voedsel ingeneem, met 'n duidelike afname van die Cladocera, en tot 'n mindere mate die Copepoda, in die voedsel van die lengtegroepe groter as 300mm. In teenstelling hiermee word soöplankton 'n al hoe belangriker voedselitem onder die groter lengtegroepe van *L. umbratus*, *L. capensis* en *C. gariepinus*.

Onder die Cladocera en die Copepoda, wat deel van die voedsel van die verskillende vissoorte uitgemaak het, was die volgende spesies goed verteenwoordig: Daphnia barbata Macrothrix spinosa, Leydigia spp., Moina dubia, Ceriodaphnia rigaudi, Ilyoctyptus sp., Eucyclops serrulatus, Metadiaptomus transvaalensis, M. meridianus en Thermocyclops schuurmanae. Klein getalle van Micorcyclops sp. is ook in die voedselmateriaal gevind.

4.1.2 Bentos

Bentiese organismes, soos die Ostracoda (hoofsaaklik Eucypris en Stenocypris spp.), Chrcnomidae (Pentaneura, Rheotanytarsus en ander ongeïdentifiseerde muggielarwes), Ceratopogonidae (Culicoides sp.), Ephemeroptera (Caenis sp. en Centroptilum sp.), en volwasse en larwale vorm van die Coleoptera (hoofsaaklik Berosus sp.), was naas die soöplankton, 'n belangrike voedselbron van die vissoorte C. carpio en B. holubi (tabel 4). Waar daar egter 'n persentasietoename van soöplankton as voedsel, met die toename in lengte van hierdie vissoorte was, word ie grootste gemiddelde waardes vir die bentos in die maaginhoude van die lengtegroep 0-120mm. aangetref.

Uit tabel 4 wil dit voorkom asof die bentos nie so 'n belangrike voedselbron vir C. gariepinus, L. umbratus en L. capensis is, as vir eersgenoemde twee visspesies nie. Organismes wat wel in merkbare hoeveelhede aanwesig was in die voedselmateriaal van lg. drie spesies, was Chironomidae, by L. umbratus en L. capensis, en Ephemeroptera, by die lengtegroep 0-120mm. van C. gariepinus.

4.1.3 Perifiton

Die akwatiese Hemiptera was goed verteenwoordig deur Micronecta browni, wat veral volop was tussen die dooie en die lewende plante aan die oewers in die littoraalgebied van die pan. Die aanwesigheid van hierdie organisme in die maaginhoude van C. carpio en B. holubi, toon dat hierdie twee vissoorte ook aktief voed op die perifiton. Die

voedselbestanddele wat uit die mae van die twee spesies van Labeo verwyder is bevat geen Hemiptera nie. By C. gariepinus was die Hemiptera slegs aanwesig in die voedselmateriaal van die lengtegroep 121-200mm. Geeneen van die lg. drie visspesies kan dus, op grond van die herfsgegewens, as aktiewe voeders van perifiton beskou word nie.

4.1.4 Terrestriële organismes

Volwasse vorme van vlieënde insekte, wat in die water geval en daarna deur die visse verorber is, het Culicidae, Chironomidae, Muscidae, Celeoptera, Odonata en termiete (Hodotermitidae) ingesluit. C. carpio en B. holubi het, netsoos in die geval van die soöplankton, bentos en perifiton, die grootste verskeidenheid van hierdie organismes in hulle mae bevat. Waar daar wel terrestriële organismes in die voedselbestanddele van C. gariepinus, L. umbratus en L. capensis voorgekom het, was dit slegs by enkele lengtegroepe aanwesig.

4.1.5 Vismateriaal

In byna alle gevalle waar daar vismateriaal saam met ander voedselbestanddele in die mae van sekere visse gevind is (tabel 5) was dit reeds in 'n gevorderde staat van ontbinding. Dit mag dus wees dat hierdie visse op dooie vismateriaal gevoed het. Vismateriaal was heeltemal afwesig by die kleinste lengtegroep van beide C. carpio en B. holubi, maar by die ander vier lengtegroepe van hierdie twee spesies het vismateriaal 'n belangrike deel van die voedsel uitgemaak. Die aanwesigheid van groot hoeveelhede vismateriaal in die mae van die verskillende lengtegroepe van C. gariepinus (tabel 5) dui daarop dat hierdie spesie, tydens die herfsperiode, byna uitsluitlik van vis vir sy voedsel afhanklik was. L. umbratus en L. capensis het geen vismateriaal in hul mae gehad nie.

4.1.6 Hoër waterplante

Dooie en vars, groen reste van Potamogeton en Chara het 'n belangrike hoeveelheid van die voedselmateriaal van

die meeste visse gevorm. Daar is 'n opvallende vermeerdering van die persentasie hiervan, met die toename in lengte van C. carpio en B. holubi. Daarby bevat alle lengtegroepe van hierdie twee spesies plantmateriaal in hulle voedsel. 'n Gemiddelde persentasietoename in plantmateriaal word ook aangetref by die groter lengtegroepe van die twee spesies van Labeo. C. gariepinus wyk egter heeltemal van hierdie patroon af, en slegs diè visse in die lengtegroep 0-120mm. en 121-200mm., het wel plantmateriaal as deel van hulle dieet gehad.

4.1.7 Laer waterplante

Laer plante, in die vorm filamentagtige alge en diatome, was geheel en al afwesig by C. gariepinus maar was in 'n mindere of meerdere mate by al vier die ander spesies aanwesig. Slegs by die lengtegroepe van 121mm. en groter van B. holubi, en die tussen 0-120mm. van die twee Labeo spesies, was die laer plante in meer as net spore aanwesig (tabel 5). By die kleiner moddervisse (L. capensis) en moggels (L. umbratus) het 'n groot deel van die herkenbare maaginhouds-materiaal uit laer plante bestaan.

4.1.8 Detritus

Alhoewel detritus streng gesproke nie as 'n voedselitem beskou kan word nie, is dit nogtans as 'n herkenbare maag-inhoudsbestanddeel gereken. Die detritus het in die vorm van klein klippies en sandkorrels voorgekom en was in baie gevalle 'n aanduiding van die lokaliteite waar sekere visse in die pan gevoed het.

Met die uitsondering van C. gariepinus, het detritus in die voedsel van al vier die ander vissoorte voorgekom. By C. carpio en B. holubi het dit gemiddeld 8% en by L. capensis en L. umbratus, onderskeidelik 3.7% en 4.0% van die totale maaginhoudsvolume beslaan.

4.1.9 Onherkenbare materiaal

In teenstelling met C. carpio, B. holubi en C. gariepinus, waar die onherkenbare materiaal ongeveer 40-60% van die totale maaginhoudsvolume gevorm het, is die gemiddelde hoeveelehid hiervan by die twee spesies van Labeo groter as 90%. Hierdie opvallende hoeveelheid onherkenbare materiaal in die voedsel van Labeo, bevestig die reeds vermelde gegewens, naamlik dat hierdie twee spesies beslis minder spesifiek is m.b.t. voedselvoorkeure vergeleke met C. carpio, B. holubi en C. gariepinus.

TABEL :

GEMIDDELDE PERSENTASIE VAN ORGANISMES EN ANDER MATERIAAL IN MAAGINHOUDE VAN DIE VISSE CYPRINUS CARPIO, BARBUS HOLUBI, CLARIAS GARIEPINUS, LABEO UMBRATUS EN LABEO CAPENSIS GEDURENDE DIE HERFSOPNAME : APRIL 1965.

| AANTAL | SPESIE EN LENGTEGROEPE | MAAGINHOUDSBESTANDDELE AS GEMIDDELDE PERSENTASIE VAN TOTALE MAAGINHOUDSVOLUME | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | CRUSTACEA | | | INSECTA | | | | | | | | | | | | |
| | | NEMATODA | CLAD. | COP. | OST. | CHIRO. | CERATO. | EPHEM. | COLEOP. | HEMI. | HODO. | A.INS.L. | VOL.INS. | HOER PLANTE | LAER PLANTE | ST(PAP). | VISMAT. | DETRITUS |
| | Cyprinus carpio | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 29 | 0-120mm. | - | 9.8 | 0.7 | sp | 1.1 | 0.6 | 0.1 | 0.7 | 2.2 | 1.0 | 1.1 | 0.7 | 1.4 | 0.1 | 1.4 | - | 10.4 |
| 22 | 121-200mm. | - | 6.4 | 2.9 | 0.5 | 7.7 | 0.8 | 6.4 | 2.1 | 13.7 | - | sp | 0.6 | 2.2 | - | 3.6 | 10.8 | 11.2 |
| 1 | 201-300mm. | - | 2.0 | 2.0 | sp | 5.0 | sp | - | - | - | - | sp | - | 10.0 | sp | - | 25.0 | 10.0 |
| 26 | 301-400mm. | - | 1.6 | 0.5 | 1.4 | 9.0 | 2.4 | 0.1 | 3.7 | 5.1 | - | - | - | 23.6 | sp | 17.2 | 7.3 | 4.8 |
| 12 | 401mm. en groter | - | 0.6 | sp | 0.4 | 8.4 | 4.0 | sp | - | 0.6 | - | - | - | 28.4 | sp | - | 23.8 | 4.1 |
| | Barbus holubi | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 29 | 0-120mm. | - | 9.7 | 5.6 | 2.0 | 2.5 | 0.5 | 0.4 | - | 0.4 | - | sp | - | 1.4 | sp | - | - | 2.4 |
| 28 | 121-200mm. | - | 0.2 | 0.8 | - | 0.1 | - | 0.2 | 5.4 | 5.9 | 1.6 | 0.2 | - | 5.0 | 1.6 | - | 1.6 | 8.8 |
| 32 | 201-300mm. | - | 0.3 | - | - | 0.6 | - | - | 2.9 | 6.5 | 1.0 | 1.0 | - | 7.7 | 0.5 | - | 17.8 | 13.4 |
| 22 | 301-400mm. | - | 0.1 | - | - | - | - | - | 0.7 | 5.0 | - | 0.2 | - | 29.1 | 0.3 | - | 15.0 | 9.3 |
| 6 | 401mm. en groter | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 66.5 | 0.3 | - | 12.8 | 1.8 |
| | Clarias gariepinus | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 | 0-120mm. | - | - | - | - | - | - | 5.3 | - | - | - | - | - | 6.0 | - | - | 46.0 | - |
| 23 | 121-200mm. | - | 0.4 | 0.3 | 0.2 | - | - | - | - | 0.3 | - | - | - | 2.0 | - | - | 35.5 | - |
| 1 | 201-300mm. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 2 | 301-400mm. | - | - | 0.5 | sp | sp | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 98.5 | - |
| 23 | 401mm en groter | - | 0.3 | 2.6 | 1.7 | sp | - | - | - | - | - | - | 0.9 | - | - | - | 49.6 | - |
| | Labeo umbratus | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 29 | 0-120mm. | - | sp | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1.4 | 5.2 | - | - | 3.6 |
| 23 | 121-200mm. | - | sp | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3.9 | sp | - | - | - | 2.5 |
| 4 | 201-300mm. | - | sp | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 7.5 | - | sp | - | - | 5.5 |
| 104 | 301-400mm. | - | 1.9 | 1.1 | - | 0.3 | sp | - | 3.0 | - | - | - | - | 3.0 | sp | - | - | 4.1 |
| 18 | 401mm. en groter | - | 1.7 | 0.8 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3.8 | sp | - | - | 3.7 |
| | Labeo capensis | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 19 | 0-120mm. | - | sp | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1.2 | 5.3 | - | - | 5.5 |
| 22 | 121-200mm. | - | sp | - | 0.2 | 0.4 | - | - | - | - | - | - | - | 1.3 | 0.1 | - | - | 5.6 |
| 14 | 201-300mm. | - | sp | - | sp | - | - | - | - | - | - | - | - | 1.0 | - | - | - | 2.0 |
| 91 | 301-400mm. | - | 1.2 | 0.5 | sp | 0.2 | - | - | - | - | - | - | 0.5 | 3.3 | sp | - | - | 3.3 |
| 29 | 401mm en groter | - | 1.5 | 0.3 | 0.1 | 0.7 | - | - | - | - | - | - | 0.4 | 2.0 | sp | - | - | 4.7 |

| | SPESIE | GEMIDDELDE PERSENTASIE MAAGINHOUDSBESTANDDELE VIR TOTALE AANTAL VISSE VAN ALLE LENGTEGROEPE ONTLEED | | | | | | | | | | | | | | | | | TOT. % HERK. MAT. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 90 | Cyprinus carpio | - | 5.2 | 1.1 | 0.4 | 6.0 | 1.6 | 1.6 | 1.8 | 5.6 | 0.3 | 0.4 | 0.4 | 9.8 | sp | 5.4 | 8.2 | 8.1 | 66 |
| 117 | Barbus holubi | - | 2.8 | 1.6 | 0.5 | 0.8 | 0.1 | 0.1 | 2.2 | 3.6 | 1.7 | 0.2 | 0.4 | 12.0 | 0.5 | - | 8.9 | 8.0 | 43 |
| 51 | Clarias gariepinus | - | 0.3 | 1.3 | 0.8 | sp | - | 3.5 | - | 0.2 | - | - | 0.4 | 1.8 | - | - | 44.2 | - | 53 |
| 178 | Labeo umbratus | - | 1.3 | 0.7 | - | 0.2 | sp | - | 0.2 | - | - | - | 0.4 | 2.4 | 0.9 | - | - | 3.7 | 10 |
| 175 | Labeo capensis | - | 0.9 | 0.3 | sp | 0.2 | - | - | - | - | - | - | 0.4 | 2.9 | sp | - | - | 4.0 | 9 |

4.2 Voedingsgewoontes tydens die winterperiode

Net soos in die geval van die herfsondersoek het L. umbratus en L. capensis heelwat minder herkenbare voedselmateriaal in die mae bevat as die ander drie visspesies (tabel 6). Nieteenstaande ŉ afname in die voedselverskeidenheid by al die vyf vissoorte, vertoon die persentasie herkenbare voedselmateriaal ŉ styging bo die van die herfsondersoek (tabel 5).

4.2.1 Soöplankton

Die Cladocera vorm ŉ steeds belangriker voedselitem van al vyf visspesies gedurende die winterperiode (vergelyk tabelle 5 en 6). Daar was sedert herfs so ŉ toename van hierdie organismes in die voedselbestanddele van C. carpio, dat die Cladocera gemiddeld die belangrikste enkele voedselitem van hierdie vissoort uitmaak met ŉ gemiddeld van 16.1% van die herkenbare maaginhoudsbestanddele. In teenstelling met die herfsondersoek bevat die vismae van al vyf vissoorte wat tydens die winterversameling gevang is ŉ geringe hoeveelheid Copepoda.

Die gemiddelde afname van soöplankton per maaginhoud, met toename in lengte by C. carpio en B. holubi, wat reeds tydens die herfsondersoek waargeneem is (tabel 5), word weer deur die resultate van die winterversameling bevestig. (tabel 6). Waar daar gedurende die herfs ŉ duidelike waarneembare gemiddelde toename van soöplankton onder die groter lengtegroepe van C. gariepinus en die twee spesies van Labeo was, is hierdie neiging nie so opvallend uit die resultate van die winterondersoek nie.

Die verhouding van die verskillende soöplanktonorganismes het sedert die herfsperiode heelwat verander. Thermocyclops schuurmanae, Eucyclops serrulatus en Microcyclops is nie meer verteenwoordig in die voedsel van die visse nie. Moina dubia en Daphnia toon ŉ aansienlike vermindering, terwyl Leydigia spp. en Macrothrix spinosa die beste verteenwoordig was.

4.2.2 Bentos

Die bevindings m.b.t. die bentos as voedselbestanddeel gedurende die herfsperiode (tabel 5), word grootliks bevestig deur die resultate van die winterondersoek (tabel 6). Die Ostracoda, wat hoofsaaklik uit Eucypris en Stenocypris spp. bestaan het, toon 'n gemiddelde toename in die dieet van C. carpio. Chironomidaelarwes is goed verteenwoordig in die voedsel van beide C. carpio en B. holubi. Daar was opvallend meer Ceratopogonidaelarwes in die mae van lg. twee visspesies as tydens die herfsperiode. Nieteenstaande die algemene toename van Ceratopogonidae in die dieet van bogenoemde twee visse, is hierdie organismes nie in die voedsel van C. gariepinus, L. umbratus of L. capensis nie. Slegs enkele lengtegroepe van C. carpio en B. holubi het Ephemeroptera in die mae gehad. Coleoptera (Berosus) is swak tydens die vinter verteenwoordig en was slegs aanwesig in die maaginhoude van die lengtegroep van 401mm. en groter van C. carpio.

4.2.3 Perifiton

Micronecta browni het, net soos in die herfs, 'n vername bestanddeel van die voedsel van sommige lengtegroepe van C. carpio en B. holubi uitgemaak.

4.2.4 Terrestriële e.a. organismes

Waar die volwasse vorme van sekere vlieënde insekte tydens die herfs in die voedsel van al vyf die vissoorte aanwesig was (tabel 5), kom volwasse Culicidae, Chironomidae, Ceratopogonidae en Coleoptera tydens die winter, alleen in die voedsel van die lengtegroepe 121-200mm. en dié groter as 301mm. van C. carpio, en by die drie lengtegroepe van B. holubi, tussen 121 en 400mm. voor.

4.2.5 Vismateriaal

Met die uitsondering van die enkele voorbeeld van Clarias in die lengtegroep 201-300mm., toon die gemiddelde persentasie vismateriaal in die voedsel van die verskillende vissoorte 'n besliste vermindering teenoor die waardes wat tydens die herfsondersoek in tabel 5 verkry is.

4.2.6 Hoër waterplante

Tydens die winterondersoek was daar 'n opvallende vermeerdering in die hoeveelheid dooie en groen plantmateriaal in al die mae van die vyf visspesies te bespeur. Hierdie styging was veral opvallend by die vissoorte B. holubi, L. capensis en L. umbratus, waar plantmateriaal die grootste gedeelte van die herkenbare maaginhoudsvolume beslaan het. Selfs by C. carpio en by Clarias gariepinus maak dit, naas Cladocera en vismateriaal, respektiewelik, die belangrikste maaginhoudsbestanddeel uit.

4.2.7 Laer waterplante

Die laerplante het hoofsaaklik in die vorm van filamentagtige alge voorgekom. Diatome en desmidde het by L. capensis 'n gemiddeld van 0.2% van die totale maaginhoudsvolume beslaan (tabel 6).

4.2.8 Mieliemeel en meelblom

Hierdie voedselbestanddele is slegs by C. carpio en B. holubi aangetref. Die vorm waarin dit voorgekom het was soortgelyk aan die wat in die bespreking van die voedsel van die vorige seisoen beskryf is. By die groter karpers (C. carpio) en geelvisse (B. holubi) is heel geelmieliepitte ook in die voedsel aangetref.

4.2.9 Detritus

Detritus was in die maaginhoude van al vyf die vissoorte aanwesig. In die geval van C. gariepinus was dit slegs in die mae van die groot lengtegroepe aanwesig. Van al die herkenbare materiaal, het detritus netsoos gedurende die herfsondersoek, die grootste gedeelte van die maaginhoudsvolume van beide spesies van Labeo beslaan.

4.2.10 Onherkenbare materiaal

Die hoeveelheid onherkenbare materiaal het met die uitsondering van Clarias, in die mae van al die visse afgeneem. Die samestelling hiervan het grootliks ooreengekom met die wat tydens die herfsopname in die vismae gevind is.

TABEL :

GEMIDDELDE PERSENTASIE VAN ORGANISMES EN ANDER MATERIAAL IN MAAGINHOUDE VAN DIE VISSE <u>CYPRINUS CARPIO</u>, <u>BARBUS HOLUBI</u>, <u>CLARIAS GARIEPINUS</u>, <u>LABEO UMBRATUS</u> en <u>LABEO CAPENSIS</u> GEDURENDE DIE WINTERVERSAMELING : JULIE 1965

| AANTAL | SPESIE EN LENGTEGROEPE | MAAGINHOUDSBESTANDDELE AS GEMIDDELDE PERSENTASIE VAN TOTALE MAAGINHOUDSVOLUME | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | CRUSTACEA | | | INSECTA | | | | | | | | | | | | |
| | | NEMATODA | CLAD. | COP. | OST. | CHIRO. | CERATO. | EPHEM. | COLEOP. | HEMI. | HODO. | A.INS.L. | VOL.INS. | HOËR PLANTE | LAER PLANTE | ST(PAP). | VISMAT. | DETRITUS |
| | Cyprinus carpio | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 20 | 0-120mm. | - | 7.9 | 0.6 | 6.3 | 3.5 | - | - | - | - | - | - | - | 9.0 | - | - | - | 1.5 |
| 31 | 121-200mm. | - | 29.0 | - | 8.0 | 3.6 | 7.0 | 1.3 | - | 0.5 | - | - | 0.3 | 1.7 | - | 5.2 | - | 3.0 |
| 2 | 201-300mm. | - | 70.0 | - | 4.0 | 15.0 | 3.5 | - | - | - | - | - | - | 6.5 | - | - | - | 3.0 |
| 6 | 301-400mm. | - | 3.3 | - | 8.3 | 18.7 | 5.0 | - | - | 0.2 | - | - | 0.8 | 22.2 | - | 24.2 | - | 4.0 |
| 20 | 401mm. en groter | - | 2.7 | 0.1 | 4.3 | 14.5 | 5.3 | 0.8 | 0.9 | 2.7 | - | - | 1.2 | 28.5 | - | 5.0 | 5.4 | 3.3 |
| | Barbus holubi | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 7 | 0-120mm. | - | 7.9 | - | 0.7 | 30.0 | 1.4 | - | - | - | - | - | - | 10.0 | - | - | - | 3.6 |
| 39 | 121-200mm. | - | 20.3 | - | 0.9 | 6.4 | 0.5 | - | - | - | - | - | 5.6 | 4.7 | - | - | - | 0.9 |
| 43 | 201-300mm. | - | 12.0 | 0.5 | 0.2 | 12.1 | 0.7 | - | - | 3.6 | - | - | 3.5 | 13.8 | - | 12.0 | 4.6 | 10.9 |
| 16 | 301-400mm. | - | 0.7 | - | 0.7 | 5.1 | 0.3 | 1.6 | - | 6.3 | - | - | 0.3 | 57.8 | - | 2.0 | 1.6 | 4.2 |
| 1 | 401mm. en groter | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5.0 | - | - | - | - |
| | Clarias gariepinus | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 10 | 0-120mm. | - | 1.8 | - | - | 0.5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 9.0 | - |
| 2 | 121-200mm. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 1 | 201-300mm. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 100.0 | - |
| - | 300-400mm. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 19 | 401mm. en groter | - | 7.4 | 1.9 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 12.4 | - | - | 25.8 | 5.2 |
| | Labeo umbratus | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 22 | 0-120mm. | - | 1.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2.7 | - | - | - | 5.6 |
| 40 | 121-200mm. | - | 1.3 | - | 0.4 | - | - | - | - | - | - | - | - | 6.4 | - | - | - | 14.1 |
| 12 | 201-300mm. | - | 0.7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 9.6 | - | - | 7.5 | 13.1 |
| 81 | 301-400mm. | - | 1.7 | - | 0.2 | - | - | - | - | - | - | - | - | 4.0 | - | - | - | 5.1 |
| 21 | 401mm. en groter | - | 1.4 | 0.5 | 0.1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 10.0 | - | - | - | 7.8 |
| | Labeo capensis | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 19 | 0-120mm. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5.5 | - | - | - | 12.1 |
| 43 | 121-200mm. | - | 0.9 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5.6 | 0.7 | - | - | 11.3 |
| 12 | 201-300mm. | - | 0.7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 7.0 | 0.5 | - | - | 12.0 |
| 33 | 301-400mm. | - | 0.6 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2.3 | - | - | - | 4.2 |
| 26 | 401mm. en groter | - | 2.5 | - | 1.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | 6.2 | 0.2 | - | - | 7.8 |

| | SPESIE | GEMIDDELDE PERSENTASIE MAAGINHOUDSBESTANDDELE VIR TOTALE AANTAL VISSE VAN ALLE LENGTEGROEPE ONTLEED | | | | | | | | | | | | | | | | | TOT. % HERK. MAT |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 79 | Cyprinus carpio | - | 16.1 | 0.2 | 6.5 | 7.0 | 2.1 | 0.7 | 0.3 | 0.9 | - | 0.5 | - | 12.0 | - | 5.1 | 1.4 | 2.7 | 56 |
| 106 | Barbus holubi | - | 12.9 | 0.2 | 0.6 | 10.0 | 0.6 | 0.2 | - | 6.[illegible] | - | 3.5 | - | 16.8 | - | 9.0 | 2.2 | 5.6 | 68 |
| 32 | Clarias gariepinus | - | 4.9 | 1.1 | - | 0.2 | - | - | - | - | - | - | - | 7.8 | - | - | 21.3 | 4.0 | 39 |
| 176 | Labeo umbratus | - | 1.4 | - | 0.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | 5.5 | - | - | 0.6 | 8.0 | 16 |
| 233 | Labeo capensis | - | 0.8 | - | sp | - | - | - | - | - | - | - | - | 3.9 | 0.2 | - | - | 6.3 | 11 |

4.3 Voedingsgewoontes tydens die lenteperiode

Die neiging wat te bespeur was in die voedingsgewoontes van *C. carpio* en *B. holubi* gedurende die winter, nl. dat daar 'n afname in die verskeidenheid van die voedselitems in die dieet van hierdie visse voorgekom het, is weereens bevestig deur die resultate van die lenteopname. Die persentasie herkenbare materiaal by *C. gariepinus* (35.4%), *L. umbratus* (20.6%) en *L. capensis* (13.1%) toon 'n definitiewe vermeerdering bo die van die winterperiode (tabel 6) en by lg. twee spesies ook bo die van die herfsondersoek (tabel 5). Dis moeilik om veel gevolgtrekking m.b.t. die voedselverskeidenheid van *C. gariepinus* tydens die lente te maak, aangesien die visse wat gevang is almal tot 'n lengtegroep 401mm. en groter behoort het.

4.3.1 Soöplankton

Die Cladocera en Copepoda vorm veral 'n belangrike voedselitem onder verskillende lengtegroepe van die karpers en geelvisse. Sedert die herfsversameling het hierdie groepe organismes, tydens die opeenvolgende seisoene, by al die vissoorte onder bespreking, 'n steeds belangriker rol as voedselitem ingeneem. In die geval van *C. gariepinus* toon die planktonorganismes minstens 'n vyfvoudige vermeerdering bo die van die winterondersoek. Wat hierdie persentasietoename van Cladocera en Copepoda nog interessanter maak, is die feit dat dit wel onder die grootste lengtegroep van hierdie visspesie, waar mens meer vismateriaal sou verwag het, voorgekom het.

In teenstelling met die persentasietoename van soöplankton in die voedsel van die visspesies *L. umbratus* en *L. capensis* met die vermeerdering in lengte gedurende die herfs en winter (tabelle 5 en 6), kom die grootste gemiddelde persentasies van die Cladocera onder die kleinste lengtegroepe hiervan voor. Die Copepoda, wat in geringe persentasies aangetref word by die spesies van *Labeo*, is

ook die beste verteenwoordig in die voedsel van die kleinere lengtegroepe.

Die Cladocera was hoofsaaklik deur Daphnia barbata en Daphnia magna verteenwoordig en die Copepoda deur Metadiaptomus transvaalensis. Hierdie genoemde organismes het blykbaar 'n getalle-opbloei gedurende diè deel van die jaar in die pan begin vertoon (Combrinck, persoonlike mededeling).

4.3.2 Bentos

Bentiese organismes was nie in die mae van C. gariepinus verteenwoordig nie en was ook afwesig in die maaginhoude van die lengtegroep van 401mm. en groter van B. holubi. Netsoos in die voorafgaande seisoene, bevat die maaginhoude van die groter lengtegroepe van C. carpio 'n groter persentasie bentiese organismes as die kleiner visse. Ephemeroptera was nie hierdie seisoen in die voedsel van die visse verteenwoordig nie. Berosus sp. (Coleoptera) kom slegs voor in die mae van geelvisse van die lengtegroep 301-400mm. Daar is 'n opvallende getallevermeerdering van die muggielarwes Pentaneura en Rheotanytarsus sp. in die voedselbestanddele van L. umbratus en L. capensis. Die aanwesigheid van Culicoides sp. (Diptera: Ceatopogonidae) in die voedsel van die 401mm. en groter lengtegroep van C. carpio, en 121-400mm. van B. holubi, dui daarop dat sekere lengtegroepe van hierdie vissoorte in dieselfde omgewing op die panbodem voed.

4.3.3 Perifiton

Die enigste vissoort wat sy dieet d.m.v. perifiton aangevul het was B. holubi. Dit was egter opvallend dat die perifiton wat deur Micronecta browni (Hemiptera) verteenwoordig word, heeltemal afwesig was by die lengtegroep 401mm. en groter.

4.3.4 Terrestriële e.a. organismes

Hierdie organismes, wat veral gedurende die herfs en die winter in die mae van sommige lengtegroepe van sekere vissoorte voorgekom het, was nie tydens die lente in die maaginhoude aanwesig nie.

4.3.5 Vismateriaal

